



Die Wet van God is Goed

Is jy bly as jy stout is?

Ag, nee! Om stout te wees maak kinders nooit regtig gelukkig nie.

Om nie na die wet van God te luister nie, maak grootmense ook nooit regtig gelukkig nie.

Om gelukkig te wees, moet ons die wet van God gehoorsaam. Ons moet die HERE liefhê en ook weet dat Hy ons liefhet.

Jy weet mos dat God ons vir Homself gemaak het. En ons kan nie regtig gelukkig wees sonder dat ons Hom gelukkig maak nie. Ons is gelukkig net as ons is, wat Hy ons bedoel het om te wees; as ons is wat Hy graag wil hê dat ons sal wees.

Is jy gelukkig as Mamma kwaad is vir jou? Nee! Maar dit maak jou wel bly as Mamma bly is met jou. En so is ons gelukkig as die HERE bly is met ons. Dis waarom ons na sy gebooië moet luister en sy wet moet gehoorsaam.

En daar is nog 'n rede. As ons nie na sy wette luister nie, en Hom ongehoorsaam is, dan sal Hy ons straf. Hy moet ons straf, want dit is wat reg is.

Baie lank gelede was daar 'n klein seuntjie met die naam Josia. Die Bybel vertel ons dat hy 'n prins was. Sy vader, Amon, was die koning van die Israeliete, God se volk.

Maar Amon was 'n slegte koning. Hy het nie geluister na die HERE nie. Ander konings voor hom was ook ongehoorsaam. Hulle het God nie liefgehad nie en Hom ook nie in Sy tempel aanbid nie. In die plek daarvan het hulle afgode aanbid. En hulle het ook al die mense geleer om die afgode te aanbid.

Eendag het iemand die slegte koning Amon doodgemaak. Toe moes Josia in sy pa se plek koning wees.

Josia was maar net 'n jong seun van agt jaar oud. Maar toe hulle hom koning gemaak het,

het hy gesê, "Ek wil nie 'n slegte koning wees nie. Ek het die HERE lief en sal Hom dien".

So het Josia vir al die mense beveel om hulle afgode weg te doen. Hy wou hê dat al die mense voortaan die HERE God sal dien.

Eendag het Josia sommige van sy knegte na die tempel van die HERE gestuur om dit te gaan skoonmaak en te herstel. So moes hulle die tempel gereed maak sodat die volk weerd die HERE in sy eie Huis kan dien.

Die manne het aan die werk gespring. Hulle het hope rommel in die Tempel gevind: gebreekte deure, gate in die mure...

Op 'n dag het een van die manne na die koning se paleis gehardloop. "Koning, kyk net wat het ek gevind," sê hy vir koning Josia, " 'n ou boek wat daar tussen al die rommel gelê het!"

"Lees dit vir my voor", sê die koning toe.

Die man het die boek oopgemaak en begin lees. Koning Josia het geluister. Wat hy daar gehoor het, was wonderlik. Maar dit het hom ook benoud gemaak. Dit was die wet van God. Dit was al die pad verlore. Hoe wonderlik was dit om daardie woorde te hoor, nadat dit so lank verlore was. Maar o, dit vertel ook van die verskriklike dinge wat met die volk van God sal gebeur as hulle die afgode gaan dien!

Koning Josia het opgespring. "Ag, ek het baie gesondig teen die HERE God! Ons was ongehoorsaam en het nie na Sy wet geluister nie! Ons gaan gestraf word! Gaan roep dadelik al die mense en lees die boek vir hulle voor!"

Al die mense het nadergekom om te luister na die wet van God. Hulle het gehoor dat God gesê het dat Hy hulle sekerlik sal straf as hulle die afgode sou dien. Hulle was baie spyt. Hulle het God belowe om Hom te dien soos Hy dit van hulle vra. Die wet het vir hulle geleer hoe om God te behaag, Hom bly te maak, sodat Hy hulle nie sal straf nie. Die wet het hulle gehelp hoe om God te gehoorsaam en vir Hom te lewe.

Gesels hieroor:

Hoe is die wet van God goed vir ons?

As ons nie weet wat God van ons vra nie, is ons in die donker. Maar sy Woord en sy Wet is soos 'n lamp – dit leer vir ons hoe om te lewe:

'U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.'

(Psalm 119:105)

Wat ons kan lees:

2 Konings 23:1-3

Wat ons kan sing:

Gelukkig is die man,
Die man wat nie wil gaan
In die raad van goddelose,
By sonde nie wil staan,
Sy rug draai op die kwaad,
Die pad van sonde haat,
Nie saamsit in die spotterkring,
Maar leef na God se raad:
In God se wet sy vreugde vind
En by dag en nag dit bly oordink.

Gebed:

*Vader in die hemel, ons dank U vir u wet, wat vir ons leer hoe om te lewe en bly te wees in U.
Help ons, HERE, om na u geboorte te luister en U gehoorsaam te wees. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*